

# BEESBRUSELLOSE: 'n Dosyn dinge wat jy moet weet!

Brusellose is nie 'n eenvoudige siekte nie en kan jou kudde se produktiwiteit vernietig.  
Hier is 12 dinge wat jy oor die siekte moet weet.

- 1 Brusellose is 'n beheerde diersiekte ingevolge die *Wet op Diersiektes, 1984 (Wet 35 van 1984)*. Geen behandeling kan beesbrusellose genees nie.
- 2 Dit is 'n kuddesiekte. As een dier in die kudde besmet is, is die hele kudde potensieel besmet.
- 3 Alle verse moet regtens met 'n geregistreerde entstof (*Tabel 2 van die Diersiekteregulasies*) teen brusellose ingespuut word. Die beskikbare entstowwe is Bru-Tect S19 van Design Biologix (Reg.No. G4496-Wet 36/1947) of Brucella S19 van OBP (Reg.No. G101-Wet 36/1947) of RB-51 van MSD (Reg.No.G3056-Wet 36/1947). Inenting help om jou kudde teen die siekte te beskerm en verminder die verspreiding van die siekte en die getal abortsies.
- 4 Verskalwers moet net een keer tussen die ouderdomme vier en agt maande met die S19-entstof ingeënt word. As die S19-entstof op 'n hoër ouderdom toegedien word, kan die dier in 'n bloettoets aanhoudend positief toets, wat verwarring oor haar siektestatus kan veroorsaak. Nie-dragtige verse kan met die RB-51-entstof ingeënt word en koeie kan te eniger tyd daarmee ingespuut word, aangesien dit nie tot positiewe bloedresultate lei nie. Moenie bulle met die S19- of RB-51-entstowwe inent nie, aangesien dit hulle steriel kan maak.
- 5 Dragtige verse en koeie wat met brusellose besmet is, kan aborteer. Ten opsigte van die getal kalwers wat gespeen word, die totale melkproduksie en verlengde kalftye, kan dit tot verminderde produksie lei.
- 6 Koeie en verse wat met brusellose besmet is, lyk dikwels gesond. Dit is misleidend. As hierdie diere in die kudde is, gaan hulle ongesiens voort om die infeksie te versprei wat ernstige finansiële en produksieverliese kan veroorsaak.



**WETENSKAPLIK BEWESE BESKERMING**  
**PRO-aktiewe reproduksie beskerming**

**Beesbrucellose is 'n soönotiese\* infeksie met 'n verwoestende uitwerking op openbare gesondheid, dieregesondheid en reproduksie.**

\* potensiaal om mense te besmet

**BRU-TECT S19**  
Reg. Nr. G4496 (Wet 36/1947)

**BRU-TECT S19** is 'n gevriesdroogde entstof wat lewende, verswakte *Brucella abortus* S19 bevat, vir die voorkoming van brucellose in beeste (besmetlike misgeboorte). Brucellose word gereken onder die mees ekonomies vernietigende siektes wêreldwyd wat abortsies, onvrugbaarheid, verminderde melkproduksie en gewigsverliese veroorsaak.

ANIMAL VACCINES MANUFACTURER

[www.designbio.co.za](http://www.designbio.co.za)


REGISTRASIEHOUER: Vetvax (Edms) Bpk, Reg. Nr. M2004/035302/07 | VERVAARDIGER: Design Biologix BK, Reg. Nr. 1992/028856/23

7 Die belangrikste metode van oordrag is wanneer 'n besmette dier normaal kalf of aborteer, want hierdie proses stel miljoene bakterieë in die omgewing vry wat ander diere maklik kan besmet.

8 Verse van besmette koeie toets dikwels negatief, totdat hulle die eerste keer kalf. Hulle toets dus slegs positief nadat hul eerste kalf gebore is. Verse wat by die kudde gevoeg word hou 'n groot gevaar in en moet lief, totdat hulle gekalf het en negatief vir brusellose toets, apart van die kudde gehou word.

9 Mense kan met brusellose besmet word indien hulle ongepasteuriseerde melk drink, 'n besmette koei slag en besmette geboortemateriaal en geaborteerde fetusse (kalwers) hanteer. Die simptome by die mens is soos dié van griep, met koors, hoofpyn en lyfseer. As 'n diagnose nie gemaak word en gepaste behandeling nie toegepas word nie, kan brusellose 'n kroniese siekte word wat weer en weer voorkom. Die vleis van besmette diere (diere wat positief getoets het) wat by 'n geregistreerde abattoir geslag word, is veilig vir menslike verbruik.

10 Die *Brucella*-bakterieë kan ook deur die afloopwater van naburige plase versprei word. Rondloperhonde, jakkalse en kraaie kan ook besmette materiaal (geaborteerde fetusse en nageboortes) van plaas tot plaas dra. Vlieë wat op besmette materiaal voed, kan die bakterieë meganies versprei wanneer hulle op die neusslymvliese van diere sit.

11 Eienaars is verantwoordelik vir die gesondheid van hulle diere en kan ingevolge die *Wet op Dieriesiektes* en die *Verbruikersbeskermingswet, 2008 (Wet 68 van 2008)* vervolg word indien hulle die verspreiding van brusellose bevorder.

12 Jy is die enigste een wat jou beeskudde teen brusellose kan beskerm. Wanneer jy beeste koop, dring by die plaas van herkoms aan op inentingrekords en onlangse negatiewe kuddetoetse. Die verkoper moet kan verklaar dat die beeste ingeënt is en dat die kudde van herkoms negatief vir brusellose getoets het. Die verkoper moet bewys lewer van gereelde negatiewe kuddetoetsresultate. Dit is ter wille van bioveiligheid altyd raadsaam om enige beeste wat by die kudde gevoeg moet word in afsondering te hou, vir verskillende siektes te toets, in te ent, en teen interne en eksterne parasiete te behandel.

Ons maak op jou staat om brusellose te beveg! Saamgestel deur die Brusellose-stuurkomitee van die Nasionale Dierigesondheidsforum.

Vir verdere inligting, kontak jou privaat- of staatsveearts.

**WETENSKAPLIK BEWESE BESKERMING**  
**PRO-aktiewe reproduksie beskerming**

Skaap en bokbrucellose is 'n soönotiese\* infeksie met 'n verwoestende uitwerking op openbare gesondheid, diergesondheid en reproduksie.

\* potensiaal om mense te besmet

**BRU-TECT Rev 1**  
Reg. Nr. G4497 (Wet 36/1947)

**BRU-TECT Rev 1** is 'n gevriesdroogde entstof wat lewende, verswakke *Brucella melitensis* Rev 1 bevat, vir die voorkoming van brucellose in skape en bokke. Brucellose word gereken onder die mees ekonomies vernietigende siektes wêreldwyd wat aborsies, onvrugbaarheid, en gewigsverlies veroorsaak.

ANIMAL VACCINES MANUFACTURER

[www.designbio.co.za](http://www.designbio.co.za)

**Design  
Biologix**

REGISTRASIEHOUER: Vetvax (Edms) Bpk, Reg. Nr. M2004/035302/07 | VERVAARDIGER: Design Biologix BK, Reg. Nr. 1992/028856/23